



NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK DUTCH REFORMED CHURCH

Posbus/PO Box 13528

Hatfield 0028 SA

Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380

algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

30 Junie 2017

PERSVERKLARING

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (hierna NG Kerk) het kennis geneem van die Cultural, Religious, Linguistic (CRL)-kommissie se verslag oor die kommersialisering van godsdiens en die misbruik van mense se geloofstelsels. Die NG Kerk het geen keuse nie as om hulle te distansieer van die sleutelvoorstelle in die verslag. Ons het die voorstelle bestudeer vanuit die gesigspunt van die Suid-Afrikaanse Handves van Godsdiensregte en -vryhede, wat onderskryf is en ondersteun word deur die meerderheid van Christelike denominasies en kerke, lede van die Joodse gemeenskap, die Moslemgemeenskap, die Hindoegemeenskap en verskeie tradisionele Afrika-godsdienste. Ons glo dat die voorstelle nie versoen kan word met die filosofie agter en die bepalinge in die Handves nie.

FUNDAMENTELE SKUIF IN GODSDIENS-STAAT-VERHOUDING EN SKENDING VAN GODSDIENSVRYHEID

Ons belangrikste beswaar, wat uiteengesit word in 'n omvattende reaksie wat aan ons lede en ondertekenaars versprei is en aan die Parlement voorgelê is, is dat die voorstelle neerkom op staatsregulering van en staatsbeheer oor godsdiens, wat die volgende ernstige gevolge sal hê:

- (a) Dit sal, eerstens, 'n fundamentele skuiw veroorsaak weg van die bestaande samewerkingsverhouding tussen godsdiens en die staat na een van staatsbeheer oor godsdiens deur wetgewing.
- (b) Tweedens sal staatsregulering en staatsbeheer oor godsdiens die reg tot vryheid van godsdiens skend wat in afdeling 15 van die Grondwet gewaarborg word.

In terme van die voorstelle sal alle godsdiensinstellings, sentrums van aanbidding en godsdiensbedienaars volgens wet verplig word om by staatsaangestelde liggames te registreer en aan staatsbepaalde vereistes te voldoen. Nie-voldoening kan daartoe lei dat iemand se registrasie geskrap word. Verskeie sogenaamde sambreel- en oorsigliggame verteenwoordigend van godsdienste, spesifieke godsdienste en denominasies sal deur die staat aangestel en beheer word, en sal optree in terme van die wet wat hulle magte en funksies bepaal. Die CRL-Regskommissie sal die finale gesag wees oor alle godsdiensaangeleenthede. Dit kom neer op 'n stelsel van staatsregulering en staatsbeheer oor godsdiens, wat die samewerkingsmodel van godsdiens-staat-verhoudings sal omkeer en die reg tot godsdiensvryheid soos gewaarborg in afdeling 15 van die Grondwet op 'n ongrondwetlike manier sal skend.

DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK BETREUR EN BEROU MISBRUIKE

Volgens die verslag, het die voorstelle ontstaan uit koerantberigte en klagtes by die CRL-Regskommissie, asook die daaropvolgende ondersoek deur die kommissie na vergrype wat in sekere godsdienstinstellings plaasgevind het. Die NG Kerk betreur en berou baie ernstig enige voorvalle van misbruik in die naam van godsdienst. Enige persoon of instelling wat skadelike of onwettige optredes in die naam van godsdienst pleeg, misbruik godsdienstvryheid en handel nie onder die beskerming van die Handves nie. Die NG Kerk skaar hulle by die CRL-Regskommissie in die veroordeling van sulke vergrype en in die soeke na behoorlike maniere om dit te elimineer uit die godsdienstpraktik in Suid-Afrika. Verder behoort godsdienstinstellings wat nie voldoen aan aanvaarbare wettige vereistes en norme nie, opgevoed te word in hulle burgerlike verantwoordelikhede, en maniere moet gevind word om die wet meer effektief af te dwing.

STAATSREGULERING EN -BEHEER IS NIE DIE ANTWOORD NIE

Tog beklemtoon ons dat, hoe laakbaar die misbruik deur sommige godsdienstbedienaars wat deur die kommissie ontdek is, ook al mag wees, hulle effektief hanteer kan word deur die reeks regsmaatreke wat beskikbaar is in die goedontwikkelde, gevestigde en gerespekteerde Suid-Afrikaanse regstelsel. Staatsregulering en -beheer van godsdienst is nie die geskikte manier om sulke misbruik te beveg nie. Die reg op godsdienstvryheid is 'n fundamentele en gekoesterde reg in 'n oop en demokratiese gemeenskap, wat nie opgeoffer mag word ter wille van aksie teen die misbruik wat deur 'n skynbaar klein minderheid godsdienstbeoefenaars gepleeg word nie. Dit sal godsdienstvryheid vernietig, juis dié reg wat die kommissie voorgedra om deur hierdie voorstelle te beskerm.

DIE BESTAANDE REGSRAAMWERK IS VOLDOENDE

Ter regverdiging van die voorstelle vir nuwe wetgewing om godsdienst te reguleer, voer die verslag aan dat bestaande wetgewing óf nie die kwessies effektief aanspreek nie, óf dat godsdienstinstellings nie die toepaslike wetgewing gehoorsaam nie, óf dat bestaande wetgewing nie behoorlik afgedwing word nie. Hierdie argument is foutief en is gebaseer op 'n verkeerde interpretasie van die wet. Die bestaande regsraamwerk is inderdaad voldoende om die saak effektief aan te spreek. Die aktiwiteite van godsdienstinstellings word alreeds aan verskeie wette onderwerp, wat net waar nodig noudig afgedwing moet word. Nuwe wetgewing om hierdie beweerde tekortkominge aan te spreek, wat die effek sal hê dat dit godsdienst kontroleer en godsdienstvryheid op 'n ongrondwetlike manier skend, is nie die toepaslike voertuig om die misbruik te beveg wat in die verslag genoem word nie. Dan hang die erkenning van 'n fundamentele mensereg af van die staat se vermoë of gewilligheid om sy wetlike verpligtinge na te kom.

TEENSTRYDIGHEID MET AFDELING 185 VAN DIE GRONDWET

Ons tweede beswaar is dat die voorstelle afhang van die toekenning van omvattende afdwingingsmagte aan die CRL-Regskommissie as die sogenaamde finale gesag oor alle godsdienstkwessies. Volgens afdeling 185 van die Grondwet is die kommissie egter 'n raadgewende liggaam ten opsigte van die regte van kulturele, godsdienst- en taalgemeenskappe. Nêrens in afdeling 185 word die kommissie bemaagtig om 'n regulatoriese of afdwingingsliggaam te wees nie. Afdeling 185 maak nie voorsiening vir die fundamentele skuif in die kommissie se status en magte wat deur die voorstelle geïmpliseer word nie. Die wet wat die werk van die kommissie reguleer, Wet 19 van 2002, is onderhewig aan afdeling 185, en kan nie op 'n wettige

wyse gewysig word om magte van afdwinging aan die kommissie oor te dra sonder om die Grondwet te beïnvloed nie.

Om hierdie magte aan die kommissie oor te dra sou dan (op die heel minste) 'n wysiging aan Wet 19 van 2002 verg, sowel as aan afdeling 185. So 'n wysiging sou dan óf die CRL-Regskommissie uit die kader van Hoofstuk 9-instellings haal, óf dit sou impliseer dat 'n Hoofstuk 9-instelling uitvoerende gesag aanvaar, wat teenstrydig sou wees met die gevestigde aard van die kommissie as 'n raadgewende liggaam. Om aan die CRL-Regskommissie die beslissende en finale gesag ten opsigte van godsdienskwessies toe te ken is strydig met die Grondwet, en sal ongrondwetlik en ongeldig wees as dit geïmplementeer word. Om hierdie rede moet die voorstelle deur die CRL-Regskommissie ook misluk.

GEVOLGTREKKING

Verpligte registrasie van godsdiensinstellings, sentrums van aanbidding en godsdiensbedienaars, wat godsdiensorganisasies en ander liggame voorskryf waaraan godsdiensinstellings verplig sal wees om te behoort en wat die CRL-Regskommissie sal adviseer oor godsdienssake, asook 'n staatskommissie as finale gesag oor alle godsdienskwessies, is duidelik in konflik met die gevestigde benadering tot die verhouding tussen en staat en godsdiens in Suid-Afrika. Meer nog, dit kom ooglopend in konflik met die reg tot godsdiensvryheid in afdeling 15 van die Grondwet, wat die reg insluit om in bepaalde geloofsartikels te glo en dit te beoefen, om te kies om aan te sluit by godsdiensinstellings, om vryelik godsdiensinstellings te vestig en organiseer met onafhanklike jurisdiksie oor leersake en interne aangeleenthede. Godsdiensvryheid beteken nie dat godsdiensinstellings bo die reg verhewe is nie: Soos alle liggame van die burgerlike samelewing funksioneer hulle binne die regverdige en billike grense wat deur die reg vasgestel word. Die staat het egter die verantwoordelikheid om 'n omgewing te skep wat die vrye beoefening van die reg tot godsdiensvryheid bevorder en godsdiensinstellings nie onnodig reguleer of belas nie. Die voorstelle van die CRL-kommissie sal nie alleen onnodige laste op godsdiens lê nie, ook finansieel: Dit sal die vrye beoefening van godsdiens tot 'n ondraaglike vlak beperk.

As 'n grondwetlike liggaam het die CRL-Regskommissie 'n invloedryke rol om te speel in die beskerming en bevordering van die regte van godsdiensige gemeenskappe. Die rol wat egter deur die Grondwet in die vooruitsig gestel is, is om by te staan, te ondersteun en raad te gee, en nie om godsdiens te beheer nie. Van die kant van die Suid-Afrikaanse Handves van Godsdiensregte en -vryhede, sien ons uit na 'n verhouding van wedersydse bevoordeling met die kommissie op die basis van die rol wat die Grondwet in die vooruitsig gestel het. Om dié rede moet die verslag van die kommissie nie voortgaan nie.



Dr Gustav Claassen
Algemene Sekretaris van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

gustavc@ngkerk.org.za